Raar maar waar

Het jy geweet?

Dit is onmoontlik om jou oë oop te hou terwyl jy nies.

Mense en kameelperde het albei sewe nekwerwels.

Kameelperde gebruik hulle lang nekke om die blare in die hoogste takke van bome te bereik, terwyl bokke net die onderste takke kan bykom.

Het jy geweet dat 'n kameelperd se tong lank genoeg is om sy eie oor te lek?

Het jy geweet dat sjimpansees baie slim is?

Hulle kan geleer word om getalle te herken. Om die waarheid te sê, hulle herken getalle veel vinniger as ons! Wie sou dit ooit kon raai?

Het jy geweet?
Sommige diere verander baie vinnig van kleur om hulleself te kamoefleer wanneer hulle wil wegkruip.

Wanneer 'n verkleurmannetjie of 'n seekat van een oppervlak na 'n oppervlak van 'n ander kleur beweeg, pas hulle kleur by dié van die agtergrond aan. So kan hulle vyande hulle nie sien nie.



Wanneer 'n seekat aangeval word, kan hy blitsvinnig 'n wolk donker ink vrystel wat sy aanvaller irriteer.



Een van die visspesies het 'n patroon op sy stert wat soos 'n oog lyk. Wanneer sy vyand na die vis se "oog" mik, mik hy in werklikheid na die vis se stert. So kry die vis kans om te ontsnap!

Groot walvisse reis ver om genoeg te ete te kry! Hulle woon in die koue water van die Noorde, maar wanneer dit te koud word, migreer hulle na die warmer water van die Suide. Hulle kan net 8 km per uur swem, wat byna so vinnig is as wat jy kan hardloop.



Wanneer die water in die Suide koud word, keer hulle na die Noorde toe terug. Dit beteken dat walvisse elke seisoen duisende kilometers aflê.



Die fluitgeluid wat die blouvinwalvis maak, kan tot 850 km ver gehoor word.

Het jy geweet?
Meer as 600 verskillende plantsoorte eet insekte om te oorleef. Die meeste van hulle vang hulle prooi deur hulle blare vinnig toe te maak, of deur "kleefband" te gebruik wat insekte vasvang!

Die plante produseer dan suur om die insekte te verteer.

Ioe!

Onlangs het 'n spesiale sonvliegtuig
'n reis om die aarde onderneem.
Hy het geen brandstof gebruik
nie – net sonenergie.
Bedags kon hy genoeg
energie opgaar om
snags te vlieg!



Sonenergie is skoon, besoedel nie die lug, grond of water nie – en daar is baie daarvan! Die hoeveelheid sonenergie wat die aarde in een dag bereik, sou ons energiebehoeftes tot 'n jaar lank kan bevredig! Ons moet beter maniere vind om die son se energie in te span.

'n Vlieënde slang?
Vlieënde slange woon in die reënwoude van Asië. Hierdie slange het die vermoë om van een boom na 'n volgende te vlieg. Hy kan ook opwaarts of afwaarts vlieg – en hy kan sweef.

Daar is meer as 60 visspesies wat kan vlieg. Hierdie merkwaardige visse het die vermoë ontwikkel om uit die water uit te spring en deur die lug te sweef om van roofvisse onder die water weg te kom.

Het jy geweet?

Jy kan blomme van kleur laat verander deur ink of voedselkleurstof by die water in die blompot te voeg. Wag 'n rukkie en jy sal sien hoe die kleur van die blomblare verander. Dit gebeur omdat die kapillêre stelsel, of die fyn aartjies in die blomstele, die kleur na die blomblare toe dra.





Kom veilig by die skool!

Party kinders moet lendelam bruggies of steil, smal bergpasse oorsteek op pad skool toe. Ander moet selfs kabelgly ("zipline") om by die skool te kom!

Moet jy enige gevare op pad skool toe trotseer?

Het jy geweet, indien jy 'n magneet in of bo sand of naby aan jou potloodkissie hou, klein brokstukkies yster aan jou magneet sal vaskleef?





Het jy geweet dat geitjies teen 'n muur kan uitklim sonder dat hulle voete daaraan raak? Wanneer hulle op 'n vertikale oppervlak is, skep talle fyn haartjies op hulle tone 'n onsigbare magnetiese veld. Dit "trek" hulle teen die muur aan – net soos die wonderlike Spiderman! Dit maak hulle baie klewerig en supervinnig.

Hoe gereeld kom die tandfeetjie kuier? Mense het twee stelle tande. Krokodille ontwikkel elke twee jaar nuwe tande. Rotte se tande val nooit uit nie – dit hou net aan met groei.

Olifanttande kan soveel as agt emmers water weeg. Dink net hoe dit moet wees om hierdie gewig met jou rond te dra!

As jy dink 'n seekoei het net vier tande, is jy verkeerd. 'n Seekoei gebruik veertig tande wat verder na agter in sy kakebeen sit om mee te kou.

Wie is die beste springers?

Springbokke kan hoog en ver spring. Goeie atlete kan verder as 8 m spring, Afrika se leeu kan tien meter spring en die Australiese kangaroe kan tot 13 m spring.

Die vlooi stof egter almal uit! Hy kan tot 300 keer die lengte van sy liggaam spring. Dink net, as 'n vlooi 'n halwe sentimeter lank was, sou hy oor jou kop kon gespring het. As ons so goed soos die vlooi kon spring, sou ons oor 'n rugbystadion kon spring!

Groepleesaktiwiteite

1 Kyk na die prente. Kan jy die diere wat gekamoeflеer is, uitken?

1

2

3

4

5

6

2 Sê vir jou maat of elkeen van die volgende stellings waar of onwaar is.

i.	Sjimpansees is baie slim.
ii.	Groot walvisse reis ver om kos te kry!
iii.	Sommige plante eet insekte.
iv.	Geitjies kan nie teen mure opklim nie.
v.	Springbokke kan hoog en ver spring.
vi.	Seekoeie het net vier tande.
vii.	Sommige diere verander van kleur om hulleself te kamoefleer.
viii.	Mense het twee stelle tande.
ix.	Vlieënde slange leef in die reënwoude.
x.	Jy kan met oop oë nies.

3 Soogdiere is diere wat pels of hare het. Maak 'n lys van al die soogdiere waaraan jy kan dink. Gebruik kommas om die woorde in jou lys van mekaar te skei.

4 Reptiele het skubbe en kan gewoonlik nie vlieg nie. Maak 'n lys van al die reptiele waaraan jy kan dink. Gebruik kommas om die woorde in jou lys van mekaar te skei.

Watter diere kom nie op een van jou lyste voor nie?

5 Soeklees hierdie sinne in die storie. Skryf dit dan met die korrekte hoofletters en leestekens in jou klaswerkboek oor.

i.	het jy geweet dat sjimpansees baie slim is
ii.	goeie verspringatlete springbokke leeus kangaroes en vlooie kan goed spring
iii.	ander moet selfs kabelgly zipline om by die skool te kom

6 a. Kies die betekenisse regs wat by die woorde links pas. Maak dan sinne met al die woorde links.

b. Sorteer al die woorde in alfabetiese volgorde en skryf dit in jou persoonlike woordeboek oor.

kamoefleer	pla
irriteer	vermom
aanpas	slagoffer
prooi	verander
roofdier	jagter